# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 1**

**GRAAD 12**

**JUNIE 2019**

**PUNTE: 80** **TYD: 2 UUR**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
   | AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
   | AFDELING C: TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Beplan jou tyd só:

    AFDELING A: 50 minute
    AFDELING B: 30 minute
    AFDELING C: 40 minute

© Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

### DIE LEWE IS SOOS BERGFIETSRY.



1. Ek kon nog skaars op my eie twee voete staan toe my tannie vir my my heel eerste fiets gekoop het. Ek was permanent sielsgelukkig, buite op die werf op my rooi fietsie saam met ons goue labrador, Jessie. 3

2. So kom my ouers een middag by die huis en my fiets het net een kantwieletjie aan. Ek het die ander een iewers deur die dag afgery en ‘n paar dae later het die ander wieletjie ook verdwyn. Sedertdien kan ek fietsry. 6

3. Ek kan nie veel van die episode onthou nie, maar ek geniet die lag in my ouers se oë elke keer wanneer hulle die storie vertel. 8

4. In retrospeksie het daardie klein rooi fietsie my redelik goed vir ‘n paar lewenslesse voorberei. Enigiemand wat al op ‘n fiets was, sal getuig dat jy gaan omval as jy op die fiets probeer stilstaan. 11

5. Fietsry gaan dus oor die hou van balans in beweging. Dit kan dalk effens wetenskaplik klink, maar dis eintlik eenvoudig. In die woorde van ‘n klein blou vissie: ”Hou net aan trap.” Dis eintlik hoe ons deur die lewe beweeg. Ek het op die moeilike manier geleer dat die aarde aanhou draai, die lewe gaan aan en ons word saamge-sleep of ons trap of nie. 16

6. Soms is jy gelukkig as jy in die lewe kantwieletjies kry, ‘n ondersteuningstelsel wat jou regop hou en dit ‘n bietjie makliker maak om op alles anders te konsentreer terwyl jy nog jou balans probeer vind. Die kantwieletjies is vriende en familie, jou mense. Daardie wieletjies moet gekoester word, maar jy moet ook leer om onafhanklik van hulle jou balans te behou. Kantwieletjies kan afval of breek. Mense bly tog mense en soms is daar teleurstellings en dan moet jy self jou balans kan behou. 23

7. Die opdraandes maak die paadjie soms moeilik. Op een van my gunsteling-roetes is daar ‘n bult met die Strava-naam, *Reality Check*. Opdraandes herinner jou daaraan hoe sterk jy is. Dit toets jou stamina, spiere en hart. Dis ‘n geleentheid om sterker te word. Maar jy kan besluit hoe jy dit wil benader. Jy kan aan die onderpunt afklim en jou fiets opstoot, jy kan na ‘n laer rat oorskakel en redelik maklik teen die bult uittrap, maar dit sal jou aansienlik langer neem. Jy kan ook volspoed begin en halfpad teen die bult stop, of jy kan omdraai en dit nooit voltooi nie.

8. Ek hou daarvan om met ‘n goeie ritme in ‘n gemiddelde rat op te ry en om so ‘n meter voor die wiel te fokus en alles in te sit tot ek bo kom. Soms moet ek na ‘n laer rat oorskakel en ander kere druk ek deur. Ek ly gans te veel aan *fomo* (vrees om iets te mis) en sal die uitsig van bo-op die bult vir niks prysgee nie.

9. Gelukkig het die meeste opdraandes ook daarna ‘n lekker afdraand. Dan kan jy bietjie lekker asem skep, jou bene rus en die uitsig op die omgewing waarvoor jy so hard gewerk het, in die ry aanskou. Les jou dors en haal diep asem.

10. Glo my, ek val gereeld (nee, ek is nie dáárdie Marelize nie). Ek glo die lewe kan op twee maniere aangepak word. Jy kan bang wees om te val en dus heeltemal te versigtig wees. Jy kan ook my manier volg: gaan voluit en met spoed die lewe tegemoet. Dis altyd die moeite werd, al val jy ‘n slag of wat. Die beste van val, is die opstaan en weer probeer, dit wys dat niks jou kan onderkry nie.

Verwerk uit ‘n artikel van Marelize Vermeulen – Netwerk 24, 15 April 2019.

**VRAE:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Sê in jou eie woorde waarom ‘n fiets kantwieletjies het. | (1) |
| 1.2 | Skryf die **twee opeenvolgende woorde** in par. 1 neer wat beteken dat sy <u>die hele tyd intens tevrede gevoel het.</u> | (1) |
| 1.3 | Hoe, dink jy,het dit gebeur dat die ander wieletjie ook verdwyn het? | (1) |
| 1.4 | Verduidelik in jou eie woorde wat “retrospeksie” (par. 4) beteken. | (1) |
| 1.5 | Wat sê die laaste sin van par. 4 vir die leser in verband met die lewe? Begin jou antwoord só: ‘n Mens moet... | (1) |
| 1.6 | Wat moet ‘n fietsryer doen om sy/haar balans te behou terwyl hy/sy ry? (par. 5) | (1) |
| 1.7 | “Soms is jy gelukkig as jy in die lewe kantwieletjies kry.” (par. 6) | |
| 1.7.1 | Skryf twee aparte woorde uit par. 6 neer wat die “kantwieletjies” van ‘n mens se lewe verteenwoordig. | (2) |

1.7.2 Wat bedoel die skrywer met die woorde dat die kantwieletjies van die lewe kan afval of breek? (1)

1.8 Gee EEN voorbeeld van jou eie wat 'n voorbeeld is van "die opdraandes" van die lewe. (1)

1.9 Die skrywer noem vier (4) maniere om 'n opdraand aan te pak. Watter manier sal fisies die minste energie van 'n mens vra? (1)

1.10 Skryf die twee woorde in par. 9 neer wat antonieme van mekaar is. (2)

1.11 Vind die frase in par. 9 wat dieselfde beteken as ***daarna kyk terwyl jy ry*** en skryf dit neer. (1)

1.12 "Ek is nie dáárdie Marelize nie."

Kies die antwoord wat die volgende sin die beste voltooi:

Dáárdie Marelize is...

A. 'n meisie wat net aan die skrywer bekend is.
B. 'n meisie wat onlangs in die nuus was.
C. 'n meisie wat onbekend is. (1)

1.13 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

**Dit gebeur gereeld dat die skrywer opgee en nie tot bo-op die bult vorder met haar fiets nie.** (1)

1.14 Skryf die twee maniere waarop 'n mens die lewe, volgens par.10, kan aanpak kortliks **in jou eie woorde** neer. (2)

1.15 Dink jy dis goed om jou lewe voluit en volspoed te leef, ongeag die gevolge? Motiveer jou antwoord. (2)

**[20]**

## TEKS B: GRAFIEK

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae:




1.1 verbruikers gebruik ál hoe meer aanlyn stroomdienste vir vermaak.

tter twee dienste wat in die grafiek genoem word, kan as "vermaak" gesien word? (2)

1.17 Daar is verder bevind dat 33% van die verbruikers eerste na sosiale media-platforms gaan vir aktuele nuus Skryf een voorbeeld van só 'n mediaplatform neer. (1)

1.18 Hoe word mense op sosiale media beïnvloed om 'n produk of diens te koop. (1)

1.19 Daar is 57,7% mense wat meer as een gesondheidsorg-toepassing (app) gebruik.
Waarom sou mense verkies om dít te doen? (1)

1.20 Watter persentasie mense dink dat oefening en gesondheid belangrik is? (1)

1.21 Op watter manier is 63,2% van die verbruikers se rekeninge betaal? (1)

1.22 Voltooi die volgende sin deur die korrekte vertaling in die oop spasie in te vul.
Bogenoemde transaksies kan slegs op jou ____foon (*smart phone*) gedoen word. (1)

1.23 Maak jou eie sin met die woord "gewildste" sodat die betekenis duidelik word (1)

1.24 In watter jaar is hierdie verslag saamgestel? Skryf die getal neer. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING
## VRAAG 2

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES:**

1. Som die **SEWE wenke** oor hoe om gelukkig by die werk te wees in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf elke wenk in ’n volsin neer.
3. Skryf die sinne PUNTSGEWYS onder mekaar neer.
4. Laat ’n reël tussen die sinne oop.
5. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
6. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C:**

**Wenke om gelukkig by die werk te wees.**

Ons almal is definitief nie altyd gelukkig by die werk nie. Maar hoe bly ‘n mens gelukkig? Linda Trim, direkteur by Giant Leap, gee ‘n paar wenke oor hoe om gelukkig by die werk te wees.

‘n Mens kan self besluit of jy gelukkig by die werk wil wees of nie. Trim erken dit is soms moeilik om díe keuse te maak. Dink positief oor jou werk en fokus op dinge waarvan jy hou.

Het jy al belowe om iets by die werk te doen en dan kom jy net nie daarby uit nie? Werknemers wat skuldig voel omdat hulle nie gedoen het wat hulle gesê het hulle sal doen nie, is dikwels baie ongelukkig by die werk.

Baie mense kla dikwels hul baas gee geen terugvoer nie. Hulle weet nie hoe hulle presteer nie. Die waarheid is dat jy presies weet hoe jy presteer, jy wil net bevestiging daarvan hê. Praat met jou baas daaroor.

Bly op die hoogte van sake en vra as jy onseker is oor iets. Mense wat nie weet wat by die werk aangaan nie, is dikwels baie ongelukkiger as hul ander kollegas.

Jy wil dalk nie na werk saam met jou kollegas kuier nie, maar dit is tog die moeite werd om vriende by die werk te maak. As jy goeie vriende by die werk het, is daar ‘n goeie kans dat jy jou werk gaan geniet.

Praat vooraf met jou baas oor jou salaris en oor jou werksure. Jy moet presies weet wat van jou verwag word en hoeveel jy maandeliks daarvoor betaal gaan word.

| |
|---|
| Werkers moet weet van moontlikhede om bevorder te word. ‘n Mens sal jou werk soveel meer geniet as jy weet harde werk word raakgesien en jy kan moontlik in die toekoms bevorder word. - **Verwerk uit ‘n artikel van Elvira Wood – Netwerk 24, 20 April 2019.** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3

## TEKS D: ADVERTENSIE

Die taalvrae wat volg, is op die advertensies gebaseer.




***Om aanlyn-inligting te kry, gaan na [www.duxedmedia.com](http://www.duxedmedia.com)***

**Verwerk uit Beeld – April 2019**

3.1 Wat is, volgens die advertensie, nodig om goed te presteer? Skryf net **twee opeenvolgende woorde** uit die stuk neer. (1)

3.2 Voltooi: As leerders aanlyn-inligting wil hê, moet hulle na die webwerf gaan by .... (1)

3.3 Kies slegs die regte letter (A,B,C,D) en skryf dit neer: Die woord **oefenvraestelle** is 'n voorbeeld van:

A. Afleiding
B. Samestelling
C. Samestellende afleiding
D. Basisvorm (1)

3.4 Gebruik die woord "kundige" in 'n goeie sin sodat die betekenis duidelik is. (2)

3.5 Hoe word die naam van die boek beklemtoon? Gee EEN manier. (1)

3.6 In die frase "unieke oefenvraestelle" word die byvoeglike naamwoord "unieke" attributief gebruik. Maak jou eie sin en gebruik die byvoeglike naamwoord **predikatief**. (1)

3.7 Verduidelik wat die woord "oefenvraestelle" beteken deur dit in 'n goeie sin te gebruik. (1)

3.8 Gee 'n ANTONIEM vir die woord "verbeter". (1)

3.9 Hoe weet die leser dat die vraestelle nie net vir matrieks beskikbaar is nie? Skryf DRIE (3) OPEENVOLGENDE WOORDE neer as antwoord. (1)

**[10]**

## VRAAG 4

## TEKS E: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.




Raampie 1 Raampie 2 Raampie 3

Voer die instruksies by elke vraag uit.

4.1 Voltooi: Zitts praat met sy ___ en hy spreek hulle as "julle ouens" aan. (1)

4.2 Wat is Zitts besig om met sy selfoon te doen in raampie 1? Verduidelik deur EEN goeie sin van jou eie neer te skryf. (1)

4.3 Hoe reageer die blonde man in raampie 1? Skryf sy woorde in die INDIREKTE REDE neer. Begin so: Hy sê dat… (2)

4.4 Verduidelik wat die woord "improviseer" in raampie 2 beteken deur die woord in 'n goeie sin te gebruik. (1)

4.5 Hoe weet die leser wie Hector is? Gee twee feite. (2)

4.6 Waarom, dink jy, is Hector so geskok? (1)

4.7 Hoekom stel die blonde man skielik belang in wat Zitts sê? (1)

4.8 Wat sê die neusring, oorbel en haarstyl van Zitts? (1)

**[10]**

## VRAAG 5

## TEKS F: LEESSTUK

Die taalvrae wat volg, is op die leesstuk gebaseer.

Voer die instruksies by elke vraag uit.

**<u>George, die stop-en-ry-hond kry 'n nuwe tuiste</u>**

Die (5.1 rondloperhond) wat eens as StopnGo bekend was, het weer 'n nuwe tuiste gevind. Melanie Cooke is sedert Saterdag sy nuwe mense-ma nadat sy vorige eienaar, (5.2 dokter) Elize Dyason sowat twee weke gelede dood is.

Dyason het hom in September verlede jaar aangeneem nadat die (5.3 11-jarige) herders-hondkruising aanvanklik by 'n stop-en-ry-beheerpunt langs die R28 aan die (5.4 Wes Rand) gaan liefde soek het.

Na Dyason se dood het Cooke hom aangeneem en vir hom die nuwe naam, George, gegee. George het boonop nou (5.5 fier / vier / vuur) nuwe hondemaats in Cooke se huis: Josie, 'n foxterriër, Elsa, 'n labrador, sir Winston Churchill, 'n Yorkshire-terriër-kruising en 'n foxterriër wat Dustan of Frikkie genoem word – afhangende of hy soet of stout was. Dis Dustan wanneer hy oulik is en Frikkie wanneer hy kwaad doen. Annie, die kat het hierdie (5.6 blaf) groepie honde as haar huisvriende aanvaar.

Cooke volg George se storie sedert dit verlede jaar in Beeld verskyn het. Sy het navraag gedoen en besluit om vir George aan te neem. Sy eerste besoek het so goed gegaan dat (5.7 Hy het sommer daar gebly). Hy is nou deel van die familie. Die honde in die huis kan kies tussen die (5.8 hond+bed) in die kombuis of die bed in haar kamer. (5.9 "Hy het deur die nag gehuil, maar rustig geraak toe ek 'n koekie vir hom gee," sê Cooke.)

George besoek vandag die veearts omdat daar (5.10 'n knop) in sy regtersy is wat moontlik die oorsaak is waarom hy (5.11 maklik) loop op sy regterbeen. Hy is verder besig om blind te word in sy regteroog en hy is (5.12 –gewig). Hy moet ook 'n goeie (5.13 diëte) kry. George sal seker (5.14 nog twee jaar leef). Hy is 'n (5.15 pragtig) hond wat 'n harde lewe gehad het.

Net maar weer 'n bewys dat 'n hond die mens se (5.16 goed) vriend is.

**Ischke de Jager – Beeld April 2019**

5.1 Die (5.1 rondloperhond) wat eens as StopnGo bekend was...

Skryf die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies neer. (1)

5.2 "…nadat sy vorige eienaar, (5.2 dokter) Elize Dyason…"

Gee die korrekte AFKORTING. (1)

5.3 “…nadat die (5.3 11-jarige) herdershondkruising aanvanklik…”

Skryf die GETAL voluit in een woord neer

(1)

5.4 “…aan die (5.4 Wes Rand) gaan liefde soek het.

Vul die korrekte SKRYFTEKEN in.

(1)

5.5 “…het boonop nou (5.5 fier / vier / vuur) nuwe hondemaats…”

Kies die KORREKTE WOORD en skryf dit neer.

(1)

5.6 “…het hierdie (5.6 blaf) groepie honde …”

Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

(1)

5.7 Sy eerste besoek het so goed gegaan dat (5.7 Hy het sommer daar gebly)

Skryf die KORREKTE WOORDORDE van die sin neer.

(1)

5.8 “Die honde in die huis kan kies tussen die (5.8 hond + bed) in die…”
Vorm EEN WOORD van die twee woorde.

(1)

5.9 (Hy het deur die nag gehuil, maar rustig geraak toe ek ‘n koekie vir hom gee,” sê Cooke.)

Skryf die sin tussen hakies in die INDIREKTE REDE. Begin só: Cooke het gesê dat…

(1)

5.10 “…omdat daar ‘n (5.10 knop) in sy regtersy is…” (1)

Gee die MEERVOUDSVORM van die woorde tussen hakies.

5.11 Skryf “maklik” se ANTONIEM (woord met die teenoorgestelde betekenis) neer.

(1)

5.12 “Hy is verder besig om blind te word in sy regteroog en hy is

(5.12 -gewig)

Skryf ‘n voorvoegsel vooraan hierdie woord om ‘n nuwe woord te vorm wat die betekenis van “vet” het.

(1)

5.13 Hy moet ook ‘n goeie (5.13 diëte) kry.
Gee die ENKELVOUD van die woord tussen hakies. (1)

5.14 George sal seker (5.14 nog twee jaar leef).
Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM. (1)


5.15 “Hy is ‘n (5.15 pragtig) hond...”
Skryf die korrekte VORM VAN DIE WOORD tussen hakies neer (1)

5.16 “Net maar weer ‘n bewys dat ‘n hond die mens se (5.16 goed) vriend is.”
Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies. (1)

**[16]**

## TEKS G: PRENT

Die taalvrae wat volg, is op die prent gebaseer.




5.17 Uit watter 2 woorde bestaan die woord "waar's"? (1)

5.18 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.

Die skoolseuns sit (onder, op, na,) die boom. (1)

5.19 Verduidelik die gesegde "stokkiesdraai" in 'n goeie volsin. (1)

5.20 Voltooi: Die onderwyser het sy een hand in sy sak en hou 'n _______ met sy ander hand vas. (1)

**[4]**

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C:40**

**GROOTTOTAAL: 80**